Helderstem

Sondagaankondigings en Nuusblad vir Helderberg Gemeente 1 Oktober 2017 Jr. 6 Nr. 38
www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Waarom . . . Daarom

Dit gebeur met Christene - dalk het dit al met jou gebeur - dat jy 'n plato, selfs 'n afgestomptheid in jou geestelike lewe ondervind. God, jou geloof, die kerk en gemeente is nog vir jou belangrik, maar dit raak jou net nie meer nie. Dit doen net niks aan jou nie. Jy gaan deur al die rituele van Bybellees, kerk toe gaan, doop en nagmaal, maar jy bly wonder: Waarom doen ek dit nog? Waarom behoort ek nog aan 'n kerk? Waarom sal ek nog eredienste bywoon? Waarom laat doop ek nog my kind?

Waarom? . . . . .

Paulus kom in Filippense 2:1-18 met 'n daarom!

- Die wete dat God in Christus Homself vir my kom gee het. Dit wat God in Christus vir ons is en wil wees, bring ons in verwondering voor God.
- Die heelmaking deur die werk van die Heilige Gees. Dit is immers God wat in ons werksaam is deur Sy Gees.
- Die oorweldigende liefde van God vir die wêreld, vir my en jou.
- Die voorreg om saam met ander as verloste mense te lewe.

Gelukkig is die mens wat vreugde in die woord van die Here vind en die waarheid van Christus se woorde in Johannes 10:10 ontdek: "Ek het gekom sodat hulle lewe kan hê, en dit in oorvloed".

Daarom bly fokus ek graag op God.

Sondag 1 Oktober

Waarom - daarom
Filippense 2:1-13

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek	Werner Schultz
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel	Hannes Theron
Geen jeugaktiwiteite	
10:00 Hoop Geloofgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Werner Schultz
10:30 Internas Studente	Die Khaya
Geen Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Hannes Theron

WiFi

Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - helderberg

Deurkollekte: Instandhouding

Dinsdagoggende van 06:00 tot 06:45 gesels en bid ons in die Tent vir ons land en gemeenskap.
Of
Elke 2de Woensdag (11 en 25 Oktober) om 08:15 - 09:00 in Kapel. Enigeen is welkom.

Sondag 8 Oktober

Om Christus te ken oortref alles
Filippense 3:4-14

08:00 Meditatief	Lize van Wyk
08:00 Klassiek	Danie O'Kennedy
09:30 Meditatief	Lize van Wyk
09:30 Informeel	Hannes Theron
Geen Jeugaktiwiteite	
10:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
Geen Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Hannes Theron

Bid saam met ons vir die volgende:

Mia Cara Ferreira - (6 jr) leukemia
Pauletta Joubert - beenmurgkanker
Sonja Kruger - gewas
Du Toit Visser - heup
Rehanna Nolte - beenkanker
Rinie Victor - oogoperasie
Johannes Esterhuizen (jnr) - leukemia
Wilfred Stripp - lewerkanker
Pieter Goldman - hospitaal
Ermano Aiello - breinoperasie
Wouter Hanekom - rug-operasie
Toy Verster - operasie
Johan en Engela Krüger - motorongeluk
Johan Coetzee - knievervanging
Ada Kellerman - herstelproses
Katharina Greyling - operasie

Rou:
Charl Nortje - oorlede

Kerkkantoor sluit om 16:00 gedurende die vakansie.

Wat gebeur die week:

Maandag 2 Oktober
Aansoeke sluit vir belydenis-aflegging

Dinsdag 3 Oktober
06:00 Gesels en bid vir ons land - Tent
08:15 Helderberg Seniorklub

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Abré de Beer – Suider-Strand met sy kinders Ruan en Zander
AJ van Vuuren – Hospitaalpark
Gert Visser – Swartland-Noord
Lizette Louw – Zwaanswyk
Margeaux Jooste – Aggeneys

Die volgende ouerpare doop by die informele diens:

Leon en Carin Bedeker met Leon Wilhelm
Henco en Lauren Smit met Nicolaas Hendrik
Revan en Christine Vos met Mieke
Booye en Sharlene Walters met Alexander Wilkinson

Helderberg Seniorklub

Dinsdag 3 Oktober
Die Helderberg Seniorklub se byeenkoms vind plaas om 8:45 vir 9:30 in Korinte.
Program vir die dag:
Nico Grobbler lewer `n praatjie oor sy ondervindinge in 'n Afrika woestyn.
Besoekers is welkom - R20 en dit sluit tee en verversings in.
Kontakpersoon vir Isabel Lubbe by 021-855 1528 of 082 844 0735

24 uur Bybelleesmarathon

14 & 15 Oktober 2017
Almal, oud en jonk (wat kan lees) word uitgenooi om te kom deelneem aan die Bybelleesmarathon.

Dis 'n opwindende geleentheid om herinner te word aan die noodsaaklikheid daarvan om die Bybel te lees!

Datum: Saterdag, 14 Oktober, asook deurnag en Sondag,15 Oktober tot na afloop van die informele diens.

Inskrywings is by die toonbank in die Tent beskikbaar of e-pos ons. Hoop om sommer baie van julle daar te sien.

Navrae en inskrywings:
Marelize Bruwer by marelize@rooftek.co.za
of Franci de Kock by franci@dkalaw.co.za

B2B
back to basics

Let op die tyd is 16:00

Waar kan jy 'n verskil maak?

Kinderevangelisasieprojek

- Ons benodig dringend **helpers** by van ons Bybelklubs vanaf die begin van die 4de kwartaal.
- Een van die Xhosa kleuterskool-juffrouens wat ons opleiding bywoon benodig 'n **draagbare CD speler** (met batterye indien moontlik) sodat sy die bybelonderrigliedjie-CD wat by die Bybellesse pas, kan gebruik.

Kontak Minette by 083 6550111

Helderberg Ontwikkelingsentrum

Ons benodig **muurverf** – enige hoeveelhede, enige tipe, enige kleur. Ons sal ook 'n donasie vir verf verwelkom.
021-852 5720

Kanga&roo

Die kanga&roo-projek voorsien formule melk, weggooidoeke en *baby wipes* aan Tydelike-veilige-sorg gesinne wat babas versorg wat wag op aanneming. Ons benodig Huggies/Pampers no 1, 2 en 3 doeke. Selfs oopgemaakte pakke doeke is welkom.
Ons benodig ook *baby wipes* (enige soort) en formule melk: Infacare 1 en Lactogen 1. Laai produkte asb. by die kerkkantoor af. Kontak Tania Schultz by tania@kidsxpress.org of 084 717 0660.

Voetesorgdiens van die Dienssentrum

Dinsdae van 9:00 – 11:00 word jou voete versorg deur Barbara Plaatjies. Besprekings kan by die Dienssentrum gedoen word, 021-851 5582

Omgee Boks Projek

Registreer op die volgende skakel:
https://goo.gl/forms/iilABS2QM8S436CA3 of vul 'n registrasie vorm in, beskikbaar by die kerkkantoor. Nadat jy geregistreer het ontvang jy 'n kind se naam en besonderhede. Stuur voltooide bokse terug na die kerkkantoor voor of op Sondag, **15 Oktober**.
Marinda Koch by kockmarinda@gmail.com

Musiekbediening

Wil jy deel word van die band vir die informele– of aanddiens? Kontak vir Lizette Louw by lizette@nghelder.co.za

STOP'IT

Vroue word toegerus en bemagtig om in hul gemeenskap kinders te bereik.

Gedurende Septembermaand het Isabel van STOP'IT saam met 'n STOP-vrywilliger 17 vroue bereik en toegerus om kinders in hul eie gemeenskappe te bereik. Die vrouens kom van Kayelitsha en Nomsamo. Hulle is aangemoedig om 'n sirkel saam met ander mammas in hul onmiddellike woonbuurt te vorm waarin almal se kinders beskerm kan leef. Dit is waar kinders so blootgestel is aan misbruik en seksuele uitbuiting. Hulle verstaan ook dat 'n ingeligte kind beskerm is, omdat hy of sy 'n beter besluit in 'n lokval situasie kan neem.

Een van die vrouens was so oortuig van die boodskap wat sy gaan oordra en het dadelik begin voorberei om haar Sondagskoolklassie in te lig oor die gevaar van mensehandel en met behulp van die *Waardevol vir Jesus* boodskap te begelei hoe om op te tree in 'n situasie van seksuele misbruik en uitbuiting.

Isabel Vroon
Projekleier

Helderberg UITREIK

God roep, vorm, seën en stuur ons om as sy dissipels met ‘n passie vir Hom, ‘n hart vir mense en die wêreld in nood te leef.

· MORPH ·

VAN KLEUTERSKOOL NA GROOTSKOOL

Jou kind staan op die punt om 'n metamorfose te ondergaan van kleuterskool na grootskool. Kom woon hierdie praktiese toerustingsoggend by om hierdie reis sinvol aan te pak.

21 OKT '17 09:00 - 12:00	PLEK: LAERSKOOL DE HOOP	
R250 PER PERSOON	R400 PER EGPAAR	R200 PER ENKEL OUER

Voornemende graad 1-ouers, ander ook welkom!

Aangebied deur NG Helderberg &
Spreker Drikie Atherstone,
'n Immgergroen Ouerskap Konsultant

REGISTREER AANLYN BY http://bit.ly/morph2017

SLUITINGSDATUM: 16 OKTOBER 2017

Vir navrae kontak Lizl Botha by lizl@nghelder.co.za | 084 800 2764

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 19:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 16:00

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A.
ABSA Helderberg Tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021 851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
helderhelp@gmail.com

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun.
Dankie vir getroue bydraes.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*